



MAAND IN OORSIG | JUNIE 2026

PLAASLIKE MARKTE

- JSE ONDER DRUK

Die plaaslike mark het in Junie swakker gevaar, en die JSE Indeks van Alle Aandele het maand op maand 3.8% gedaal (-4.8% jaar tot datum). Die grootste druk het vanuit die hulpbronssektor gekom, danksy dalende kommoditeitspryse en geopolitieke spanning wat swaar op edelmetaal- en mynaandele geweeg het. Meeste van die groter aandele in die hulpbronssektor het gedaal -Sibanye Stilwater (-28.6%), South32 (-28.6%), Harmony Gold (-15.6%) en Gold Fields (-14.1%).

Hierdie dalings het die beter vertonings deur ander sektore geneutraliseer. Die SA Genoteerde Eiendomsindeks het maand op maand 3.3% hoër gesluit (+2.3% jaar tot datum), finansiële aandele was maand op maand 2.6% hoër (Fini-15 +5.3% jaar tot datum) en nywerheidsaandele was maand op maand 1.9% hoër (Indi-25 -6.0% jaar tot datum). Die rand het 1.0% teenoor die Amerikaanse dollar verswak (+1.1% jaar tot datum).

Datatec (+20.2%) was die maand se uitblikker ná sterk jaarresultate, gevolg deur Italtile (+19.8%) en Super Group (+16.6%) maand op maand. Steenkooluitvoerder Thungela Resources het die swakste gevaar (-35.8% maand op maand), nadat dit in die jaar tot einde Mei met 49.3% gestyg het toe steenkoolpryse skerp gestyg het. Pan African Resources (-29.1% maand op maand) was in die tweede plek gevolg deur Sibanye Stilwater (28.6%).

INFLASIE STYG

Verbruikersinflasie het in Mei tot 4.5% op 'n jaargrondslag gestyg, hoofsaaklik weens hoër brandstof- en energiepryse. Kerninflasie het ook effens toegeneem tot 3.8%. Die ekonomie het beter gevaar as wat verwag is. Die bruto binnelandse produk (BBP) het in die eerste kwartaal van die jaar met 0.5% teenoor die vorige kwartaal gegroei. Die arbeidsmark bly egter 'n bron van kommer. Volgens Statistieke Suid-Afrika is 121 000 minder mense oor die afgelope twaalf maande in diens, 'n afname van 1.1% jaar op jaar tussen Maart 2025 en Maart 2026.

BELEIDSONSEKERHEID HOËR

Soos algemeen verwag is, danksy voortslepende geopolitieke ontwikkelings in die Midde Ooste, het die beleidsonsekerheidsindeks in die tweede kwartaal tot 81.9 toegeneem (77.8 in die eerste kwartaal). Volgens die NWU Sakeskool, wat die indeks saamstel, was daar positiewe faktore wat die wêreld ekonomie gesteun het maar dit was te laat om 'n noemenswaardige verskil aan die syfer vir die tweede kwartaal te maak.

POSITIEWE NUUS UIT DIE MOTORBEDRYF

Die Suid-Afrikaanse voertuigmark het sy sterk momentum behou. Verkope het in Junie met 15.3% teenoor dieselfde tydperk verlede jaar toegeneem (totaal was 54 482 eenhede) – die 21ste opeenvolgende maand van jaar-tot-jaar groei en die beste Junie-vertoning sedert 2007. Dit was die tweede hoogste totaal vir die jaar sover en die verkope was maand op maand 6.7% hoër as in Mei. Die uitvoersyfer het egter 6.9% jaar op jaar gedaal tot 33 879 eenhede.

INTERNASIONALE MARKTE - OLIE, KI EN VOORTSLEPENDE IRAN KWESSIE PLAAS MARKTE ONDER DRUK

Internasionale aandelemarkte het in Junie rekordhoogtepunte behaal, maar beleggerssentiment het verander soos die maand gevorder het, met markte wat te kampe gehad het met 'n kombinasie van taai inflasie, onsekerheid rondom die verandering in die leierskap van die Amerikaanse Federale Reserweraad (Fed), KI-waardasie-senuwees en die broosheid van vrede in die Midde-Ooste. Die Iran-konflik, wat energiemarkte die afgelope vier maande geteister het, het deur nog 'n siklus van wapenstilstand-euforie en militêre opvlammings geslinger.

Terselfdertyd het die globale KI/halfgeleier verslapping het saam megt die geopolitieke nuus 'n impak op markte gehad. Teen hierdie agtergrond het internasionale aandele beskeie dalings aangeteken, met die MSCI Wêreldindeks wat maand op maand 0.8% gedaal het (+8.9% jaar tot datum). Tog, teen die einde van Junie, het verbeterende sentiment rondom spanning tussen die VSA en Iran en hernieuwe sterkte in megakapitalisasie-tegnologie-aandele markte gehelp om van hul vroeëre verliese te herstel.

Amerikaanse ekonomiese data wat in Junie vrygestel is, het 'n gemengde prentjie weerspieël. Mei se hoofinflasie het versnel tot 4.2% jaar-op-jaar teenoor April se 3.8%-syfer, die hoogste sedert April 2023. Kerninflasie, wat voedsel en energie uitsluit, het gestyg tot 2.9% jaar-op-jaar vanaf 2.8%, ver bo die Fed se 2%-teiken. Die data het aangedui dat baie van die inflasiestygings voortspruit uit 'n jaar-op-jaar-styging van 3.9% in energieprijse, wat die 12-maande-styging op 23.5% te staan bring. Ten spyte van inflasiedruk het Amerikaanse ekonomiese groei veerkragtig gebly. Finale BBP-data vir die eerste kwartaal van 2026 het getoon dat die ekonomie teen 'n geannualiseerde tempo van 2.1% uitgebrei het, bo vorige ramings. Die Fed het tydens sy Junie vergadering rentekoerse konstant gehou, maar opgedateerde kwartaallikse projeksies het uitgelik dat nege Fed-amptenare 'n rentekoersverhoging teen die einde van hierdie jaar verwag.

'n Verskuiwing weg van tegnologie-aandele het momentum gekry, aangesien kommer oor kapitaalbesteding aan kunsmatige intelligensie (KI) en makro-ekonomiese risiko's wisselvalligheid in die Amerikaanse aandelemark aangevuur het. Die tegnologie-swaar Nasdaq het in Junie met 2.8% gedaal, maar het 'n indrukwekkende tweede kwartaal van 2026 (+21.4%) en sy beste eerste helfte sedert 1986 (+12.8% vir die jaar tot dusver) aangeteken. Die S&P 500 het ook gedaal (-1.1% maand op maand) namate beleggers na ander sektore verskuif het, maar het sy sterkste prestasie in die eerste helfte sedert 2021 (+9.6% vir die jaar tot dusver) en sy grootste kwartaallikse wins sedert 2020 (+14.9% in die tweede kwartaal van 2026) behaal.

Die Dow Jones het die beste gevaar onder die belangrikste Amerikaanse indekse; dit het in Junie met 2.5% gestyg en 'n rekordhoogtepunt bereik (teen die einde van Junie 2026 het dit reeds 19 rekordhoogtepunte aangeteken). Die Dow het ook sy beste prestasie in die eerste helfte sedert 2021 gelewer met 'n styging van 8.9% (+12.9% in die tweede kwartaal van 2026).

DUITSE MARK VERSWAK, RES VAN EUROPA EN VK STYG

Europese aandelemarkte het die wêreldwye uitverkoop van KI- en tegnologie-aandele sowel as nuus oor wapenstilstande nougeset gevolg, maar is ietwat beskerm aangesien hulle minder blootstelling aan die tegniesektor het in vergelyking met hul Amerikaanse eweknieë. Die Euro Stoxx 50 het met 4.6% gestyg vergeleke met die vorige maand (+9.3% sedert die begin van die jaar/+13.6% in die tweede kwartaal van 2026), terwyl Frankryk se CAC met 2.7% toegeneem het (+3.1% sedert die begin van die jaar) terwyl Duitsland se DAX met 0.4% gedaal het (+2.1% sedert die begin van die jaar). Inflasie in die eurosone het in Mei tot 3.2% gestyg, vergeleke met 3.0% in April, hoofsaaklik aangedryf deur inflasie in energieparyse (+10.9% jaar op jaar). As 'n groot netto invoerder van energie is Europa besonder kwesbaar vir energieskotte.

Junie was nog 'n wisselvallige maand in die Britse aandelemarkte, met die FTSE 100 wat slegs 0.8% gestyg het (+5.7% jaar tot datum). Die Britse inflasie in Mei was onveranderd op 2.8% jaar op jaar, aangesien stadiger voedselparyse stygende vervoerkoste geneutraliseer het. Aan die einde van Junie het die Britse premier Keir Starmer sy bedanking as leier van die Arbeidersparty aangekondig, na toenemende politieke druk, interne partygeskille en 'n ineenstorting van goedkeuring. Hy is die sesde Britse premier wat in die afgelope dekade bedank het – 'n ongekende era van politieke onstabieliteit ná die Brexit-referendum van 2016.

MARKTE IN ASIË GEMENG, JAPAN SKITTER

In China was aandelemarkte meer gemeng en onstabiel, met vasteland-China wat Hongkong oortref het, aangesien die Hang Seng 'n skerp ommekeer van sy sterk 2025-prestasie gesien het, hoofsaaklik as gevolg van dieselfde KI/halfgeleier-afname wat die Amerikaanse en Europese markte getref het. Die Shanghai Saamgestelde indeks was 0.6% hoër op maand tot maand (+3.2% jaar tot datum), maar die Hang Seng het met 9.1% gedaal (-10.7% jaar tot datum). Junie se amptelike vervaardiging aankoopbestuurdersindeks (PMI) het op 50.3 teenoor Mei se 50 afgesluit, bo die 50-punt-punt wat uitbreiding van inkrimping skei.

Japan het weereens goed gevaar en die skommeling in die KI-sektor in die middel van Junie grootliks afgeskud. Die Nikkei het maand op maand met 5.6% gestyg (+39.2% sedert die begin van die jaar) en herhaaldelik nuwe hoogtepunte bereik. Die aandelemark se veerkrachtigheid is ondersteun deur sterkte in die KI- en halfgeleiersektore (veral geheueskryfies), fiskale stimulus en gunstige faktore soos korporatiewe hervorming, wat swaarder geweeg het as ander bekommernisse. Die hoofinflasiekoers het in Mei op 1.5% te staan gekom, vergeleke met 1.4% in April. Die Bank van Japan het rentekoerse tot 1% verhoog – die hoogste vlak sedert 1995 – namate kommer oor die jen en inflasie toeneem.

Brent-ru-olie het Junie 20.8% laer (maand op maand) afgesluit. Paryse van ru-olie het aanvanklik skerp gedaal namate kommer oor voorrade afgeneem het toe meer olietenskepe deur die Straat van Hormoes beweeg het; hernieude aanvalle tussen Iran en die VSA laat in die maand het egter weer kommer oor oliepraryse laat opvlam, voordat praryse teen die einde van die maand weer gedaal het namate spanning afgeneem het nadat die twee lande ooreengekom het om vyandelikhede te staak.

Goud (-11.7% maand op maand/-7.2% sedert die begin van die jaar) was merkbaar swakker, terwyl metale van die platinagroep onder druk gebly het. Platina het maand op maand met 19.1% gedaal (-24.7% sedert die begin van die jaar, terwyl palladium met 10.9% gedaal het (-25.2% sedert die begin van die jaar).

Bronne: Anchor Capital, BusinessTech; NWU Sakeskool

SLIM WENK

NEEM KENNIS VAN SARS SE NUWE VEREISTE VIR INTERNASIONALE REIS

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het aangekondig dat alle reisigers wat Suid-Afrika binnekom of verlaat, vanaf **Woensdag 1 Julie 2026** 'n **aanlyn reisigerverklaring moet indien voordat hulle reis**. Die nuwe reisreëls vorm deel van die digitale "reispas" wat reeds in 2022 as 'n loodsprojek by Suid-Afrikaanse lughawens bekendgestel is.

As deel van 'n moderniseringsprogram het SARS daardie jaar die Suid-Afrikaanse Reisigerbestuurstelsel (SATMS) op 'n proefbasis by uitgesoekte lughawens geïmplementeer. Dit is later na see- en landhawens uitgebrei. Tydens die loodsfase het die stelsel op 'n vrywillige grondslag gefunksioneer, maar dit is nou verpligtend.



BLY OP DATUM

VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA



KONTAK ENIGE VAN ONS HOOGSGEKWALIFISEERDE FINANSIËLE RAADGEWERS BY ONS NEGE KANTORE LANDSWYD OM JOU BELEGGINGSSTRATEGIE TE BESPREEK.

KONTAK ONS
invest@brenthurstwealth.co.za

BRENTHURST KANTORE

Johannesburg	+27 (0) 11 799 8100	Claremont	+27 (0) 21 100 3901
Sandton	+27 (0) 10 035 1391	Bellville	+27 (0) 21 914 9646
Pretoria	+27 (0) 12 347 8240	Stellenbosch	+27 (0) 21 882 8706
CPT Waterfront	+27 (0) 21 418 1236	Val de Vie Estate	+27 (0) 21 100 3901
George	+27 (0) 44 050 6057	Mauritius	+230 5843 5215

SATELLIETKANTORE

LIMPOPO: Ruan Breed | +27 82 551 3299
VRYSTAAT: Iniel Van Zyl | +27 72 298 3212
NOORDWES: Maria Smit | +27 79 696 6860
MPUMALANGA: Marise Reinach | +27 72 795 3604
KWAZULU-NATAL: Arin Ruttenberg | +27 84 582 8581

Brenthurst Wealth Management is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (Reg Nr: 2004/012998/07) FSP Nr. 7833. Hierdie e-pos en enige lêeraanhegsels wat daarmee gestuur word, is uitsluitlik bedoel vir die geadresseerde(s) en mag wettig bevoorreg en/of vertroulik wees. As u hierdie e-pos per abuis ontvang het, vernietig dit asseblief. As u nie die geadresseerde is nie, mag u nie die inhoud bekend maak, kopieer, versprei of enige aksie neem gebaseer op die inhoud hiervan nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbode en kan onwettig wees. Die menings en standpunte wat in hierdie e-posboodskap uitgedruk word, is nie noodwendig dié van die bestuur van Brenthurst Wealth Management (Edms) Beperk nie.